13 September: Bly weg uit die duiwel se kleedkamer. – Jan van der Watt

Ef 6:10-24 (fokus 6:10-20)

By ’n rugbywedstryd het dinge vir die een span lelik verkeerd geloop. Die ander span was by die 100-0 voor. So teen die einde van die wedstryd sê iemand: “Oppas daai ander span kan terugkom!” Natuurlik kan ’n mens net sê: “Wat ’n grap”.

Jesus het die duiwel baie verder as 100-0 gewen. Dat die duiwel ooit sal kan “terugkom” is net ’n grap. Christene hoef nie te dink hulle moet Jesus hier teen die einde van die wedstryd gaan help omdat Hy dalk nie sterk genoeg is nie. Hulle hoef nie die duiwel weer te gaan verslaan asof Jesus dit nie goed genoeg gedoen het nie, al dink party Christene dat hulle Jesus se geveg self moet gaan oorveg.

Dit beteken nie dat ons nie moet oppas vir die duiwel nie. Hy kan ons nog seermaak as ons in sy kleedkamer gaan moeilikheid soek – daarom moet ons liewer naby die Wenner in sy kleedkamer bly (6:10). Ons moet sy toerusting aantrek, naby Hom bly en ons krag by Hom kry. Die duiwel waag dit nie naby Jesus nie, want hy kan nie. As jy dus naby Jesus bly, sal die duiwel ook nie naby jou kan kom nie. Sy krag is jou krag. Dit is waaroor al die “wapens” in Ef 6:13-17 gaan.

Oppas egter vir die afdraaipaadjies, veral afdraaipaadjies wat na die duiwel se kleedkamer lei…